

## **Loflied – 184: 1-4**

1. Lofsing die Here, die Ewige, sing tot sy ere!  
Lofsing die Koning, die Skepper, die Vader, die Here!  
Loof almal saam - groot is sy heilige Naam!  
Loof Hom, die Heer van die here!
2. Lofsing die Here wat kunstig u liggaam berei het,  
Hy is die sterke wat altyd nog by u gebly het;  
wat in gevaar, hoe groot, hoe dreigend, hoe swaar,  
oor u sy vleuels gesprei het!
3. Lofsing die Here, dis Hy wat u kroon met sy seën!  
Hy skenk die lewe, die wasdom, die sonlig, die reën!  
O sterfling, weet: Hy wat Almagtige heet,  
het ons in liefde bejeën.
4. Lofsing die Here, ja, almal kom loof nou die Here!  
Alles wat asem het, hier tot in tydlose sfere!  
Hy is die Lig; ons oog bly op Hom gerig:  
Hy is die Heer van die here!

## **Vredesgroet**

### **Kinderkerk**

## **Verootmoediging en skuldbelydenis: Rom 7: 21-25**

### **Lied 231: 1**

1. Heilig, heilig, heilig, Here,  
U is heilig sonder perk;  
ons kom sing u Naam ter ere -  
bid dat U in ons sal werk.  
Ons onheiligheid, o Heer,  
dwing ons op ons knieë neer.  
Ons kom pleit om u genade:  
Heer, verlos ons van die kwade.

## **Genadeverkondiging**

### **Antwoord: Lied 231: 3**

3. Heil'ge God, herskep ons lewe,  
en laat groei die goeie saad;  
maak ons heilig in ons strewe,  
in gedagte, woord en daad;  
Ons wil U ons danklied bring  
en u lof, o Jesus, sing.  
Laat u Gees ons lei, o Here,  
om te lewe, U ter ere.

## **Apostoliese Geloofsbelydenis**

Ek glo in God die Vader, die Almagtige,  
die Skepper van die hemel en die aarde.  
En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;  
wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die  
maagd Maria; wat gely het onder Pontius Pilatus,  
gekruisig is, gesterf het en begrawe is en ter helle  
neergedaal het; wat op die derde dag weer opgestaan het  
uit die dode; wat opgevaar het na die hemel en sit aan  
die regterhand van God, die almagtige Vader, van waar  
Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat  
reeds gesterf het.  
Ek glo in die Heilige Gees.  
Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk,  
die gemeenskap van die heiliges;  
die vergewing van sondes;  
die opstanding van die vlees  
en 'n ewige lewe.

## **GOD PRAAT MET ONS UIT DIE BYBEL**

### **Skriflesing – Markus 3: 20-35**

### **Boodskap**

## **SAAM MET GOD AAN TAFEL**

### **Opsteek van kerse by die Christuskers**

### **Offergawes**

## **GOD STUUR ONS...**

### **Slotlied 524: 1-3**

1. God roep ons om met woord en daad  
vir Hom te leef en werk.

Hy roep ons deur sy Woord en Gees  
en maak van ons sy kerk.

Hy kies, bewaar en onderhou;

Hy inspireer en bou.

Geloof wat deur die liefde werk,  
hou aan, bly groei, maak sterk.

2. God roep, en salf ons met sy Gees  
tot koning en profeet;

tot priester, met 'n hart en hand  
vir hul in nood en leed.

Hy leer ons om te werk en bid,  
om berge te versit.

Hy wat vir ons die gawes gee,  
maak ons vir diens gereed.

3. Ek hoor U roep; ek ken u stem;  
ek luister na u woord.

Laat, Here, ons gehoorsaam wees,  
U dien soos wat dit hoort.

Waar kan 'n groter vreugde wees,  
o Vader, Seun en Gees?

Deur omgee en met uitreik, Heer,  
gaan ons met blydschap voort.

### **Seëngroet**

**Amen - Lied 314 [x2].**

## ***Ned. Geref. Gemeente Pinelands***

***EREDIENS***

***10 Junie 2012***

***Koninkrykstyf***

---

## **GOD BRING ONS VOOR HOM SAAM**

### **Verwelkoming en Bulletin**

#### **Aanvangslied – 179: 1-3**

1. Vader in die hemel,  
U beheer ons lewe,  
ons aanbid U.

2. Jesus Christus, Redder,  
U beheer ons lewe,  
ons aanbid U.

3. Heil'ge Gees, ons Trooster,  
U beheer ons lewe,  
ons aanbid U.

#### **Aanvangswoord (Ps 24: 1)**

**V:** Die aarde en alles wat daarop is,  
die wêreld en dié wat daar woon,  
alles behoort aan die Here.

**A:** Amen.

#### **Seëngroet**

Genade, barmhartigheid en vrede van God die Vader en  
Jesus Christus ons Here deur die kragtige werking van die  
Heilige Gees.